GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

PO10SIAAL

‘n Saak groter as jouself…

Inleiding
Om ons volle Potensiaal te bereik vra dat ons elke dag daaraan moet werk en nooit stagneer nie. Een van proffies het eendag altyd gesê: *"Studente, die enigste verskil tussen 'n groef en 'n graf is diepte"* Hierdie is ook waar van ons verhouding met die Here, ons moet gedurig daaraan werk en poog om al meer vernuwe te word en gevorm te word.

Gesprek losmaker
As jy die woord "hartoorplanting" hoor, wat is die eerste ding waaraan jy dink?

Oor Sondag se preek

Die belangrikste spierorgaan: Die Hart

- Die term kardiaal, (soos gebruik in kardiologie) beken "van of verwant aan die hart" en is afkomstig van die Griekse woord, καρδία of kardia, wat "hart" beteken.
- Die hart bestaan uit die kardiale spier, 'n onwillekeurige spierweefsel wat slegs in hierdie oorgaan aangetref word.
- Die algemene mens se hart, met 'n slag van 72 slae per minuut, sal ongeveer 2,5 miljard keer klop tydens 'n leeftyd van 66 jaar.

Hart as simbool:

- Die hart was histories deur sommige beskou as die setel van die siel en die orgaan wat verantwoordelik was vir menslike denke.
- Die Romeine het, byvoorbeeld, opgemerk dat die versnelling van die hartslag gewoonlik gepaard gaan met emosies soos vrees, liefde en opgewondenheid.
- Alhoewel dit vandag bekend is dat die hart niks met emosies en die denke uit te waai het nie, gebruik die mense steeds die term "hart" op 'n metaforiese wyse wanneer die liefde ter sake is.
- Wanneer dit op hierdie metaforiese wyse gebruik word, word dit dikwels geïllustreer as die simbool, ♥

In Jeremia 17:9 lees ons die volgende:
"Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?"
Wat sal die rede wees dat Jeremia so sal sê?

Skriflesing
- Esegiël 36:26-30

Wat staan vir jou uit in die gedeelte?

Wat volgens julle maak ons harte dat dit hard raak? Kan ons dit keer en hoe?

Lees ook die volgende gedeeltes en gesels oor elkeen:
"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe"
SPREUKE 4:23 AFR 83

Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart.
MATTEUS 12:35 AFR83

Geseënd is dié wat rein van hart is,
want hulle sal God sien.
MATTEUS 5:8 AFR83

As God ons nuwe hart kom gee, hoe dink julle lyk so 'n hart?

Hoe bly ons geestelike harte rein, skoon en gesond volgens julle? Wat kan ons doen? Wat doen God?

Slot
Wat God vir Israel sowel as vir nie-Jode doen en wat hy ook vir ons gedoen het en steeds doen is om ‘n nuwe hart te gee, ‘n hart wat sag is en kan voel. Dit is hierdie nuwe hart wat God gee wat ons geestes oë so oopmaak dat ons sien wat God wil hê ons moet sien. Met hierdie nuwe hart wat God gee kan ons hart breek wat God se hart maak breek. Dit alles doen Hy uit ‘n daad van genade.

Niemand het hierdie herstel-beloftes verdien nie, maar ‘n Soewereine Heilige God het Israel bereik in Sy genade om te red en te herstel. God het gekies om 'n heilige volk vir homself te red en dit het Hy gedoen uit genade en genade.

Ons is verlos deur die gestorte bloed van die Lam van God.

Toepassing op ons lewe: Ons het meer as 'n nuwe begin nodig, ons het 'n nuwe hart nodig!

En dit begin by my en jou, by keuse vir hom, ‘n keuse om hom die middelpunt te maak van ons lewe.

Is jy bereid vir ‘n hartoorplanting?

Gebed
Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.
PSALMS 51:12 AFR83

NOTAS